

VEEDIEFSTAL EN DIEREGESONDHEID OP DIE VOORGROND

Die woord veediefstal het 'n skelwoord geword wat baie vee-eienaars en lewendehawe rolspelers se bloed laat kook. Groot verliese word jaarliks gely en die onlangse statistiek wat deur die Minister van Polisie vrygestel is, bevestig 'n duidelike toename in diefstal van lewende hawe. Veral in die Vrystaat blyk dit 'n enorme probleem te wees.

Die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959) asook die Wet op Diere Identifikasie (Wet 6 van 2002) was juis in die lewe geroep om hierdie tipe misdaad hok te slaan. In die huidige omstandighede vereis dit strenger toepassing deur die SAPS en die industrie.

Mnr Francois Knowles, die Registateur van die Landbouprodukte Agente Raad, of te wel APAC, het bevestig dat hulle op 13 November 2020 biosekuriteitsreëls in die Staatskoerant gepubliseer het met die doel om die risiko van aanmeldbare dieresiektes by veilings voortydig te identifiseer. Die reëls was 'n direkte uitvloeisel van 'n groot uitbraak van Bek-en-Klouseer in November 2019.

Hierdie reëls is amptelik op 1 Julie 2021 geïmplementeer vir veilingsfasiliteite (as tweede vlak van regulering) en indien dit behoorlik nagevolg word, sal dit internasionale deure vir ons veeboere en eienaars open wat buitelandse handel kan stimuleer. Plaaslik, sal dit lewendehawe-agentte (veilingshuise) help om 'n behoorlike naspoorbare stelsel by veilingsfasiliteite te vestig wat die herkoms van diere sal verifieer. Dit is veral belangrik vir verbruikers dat die eienaarskap en gesondheid van diere bo verdenking moet wees.

Knowles bevestig ook dat die biosekuriteitsreëls staatmaak op die behoorlike toepassing van die Wet op Veediefstal en Diere Identifikasie as kritiese faktore van naspoorbaarheid. Hierdie wetgewing is nie nuut nie, die wette sal egter nou strenger toegepas moet word deur lewend hawe eienaars en agente, die SAPD en ander belangrike rolspelers in die lewende hawe waardeketting. Op die vraag "hoe word verseker dat biosekuriteitsreëls nagkom word?" het Knowles geantwoord dat die biosekuriteitsreëls voorsiening maak vir die oudit van die praktiese toepassing

van die reëls by veilingsfasiliteite deur 'n onafhanklike derde party. Die eerste rondte van oudits is tans in proses waarvan die uitslag in Januarie 2022 beskikbaar gemaak sal word.

Isabel Kruger, Voorsitter van die RPO Veediefstal Voorkoming Forum (RPO Forum) is dit eens dat daar daadwerklik opgetree moet word om veediefstal effektief te bekamp. Veediefstal Inligting Sentrums (VIS) is in verskeie dorpe in die Vrystaat gevestig waar die oorkoepelende doel is om 'n verteenwoordigende struktuur van die lewende hawe eienaars in die Veediefstaleenheid se bedieningsgebied te vorm. Hierdie sentrums word verteenwoordig deur die lewende hawe-producente, die RPO Forum, die SAPD, die Nasionale Vervolgingsgesag, Vrystaat Diergesondheid asook APAC.

Kruger erken die Wet op Veediefstal is van kardinale belang. Kennis en gebruik van die wet is krities en die RPO werk hard om alle rolspelers oor die praktiese toepassing daarvan in te lig. "By veilingshuise word sekere dokumente benodig voordat enige diere ontvang of verkoop kan word. Die Wet op Veediefstal bepaal dat 'n Artikel 6(1) (Oordrag van Eienaarskap) en Artikel 8(1) (Veeverwyderingsertifikaat) onderskeidelik met die ontvangs en verwydering van lewende hawe op die regte manier en deur die regte gemagtigdes ingevul en beskikbaar moet wees. Hiermee saam moet die verkoper en koper se identiteitsdokument getoon kan word asook bewys van 'n geregistreerde brandmerk (verkoper). Dit is van kardinale belang dat hierdie dokumente korrek voltooi moet wees. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die twee Artikels nie op een dokument mag verskyn nie. Die twee Artikels is in wese nie versoenbaar nie en vandaar is dit nodig om duidelik onderskeid te verseker."

In 2021 is verskeie kontakssessies met produsente, lewende hawe-agentte, SAPD verteenwoordigers, RPO verteenwoordigers asook APAC in die Vrystaat gehou. Tydens hierdie sessies was klem gelê op die vereiste wetgewing, die toepassing daarvan en elkeen se verantwoordbare rolle in die waardeketting. As veediefstal aangespreek moet word, vereis dit dissipline van alle

rolspelers om alle wetgewing en reëls na te kom. Dit is nou meer belangrik as ooit vantevore.

Misdaad en dieregesondheid voorkomings-aksies word derhalwe genoodsaak en daar word 'n beroep gedoen op produsente en lewende hawe-agentte om die APAC en RPO webtuistes te besoek waar die nodige inligting hiervoor beskikbaar is. Beide APAC en die RPO staan ook gereed om enige persoon van hulp te wees indien meer inligting benodig sou word.

Vir navrae oor veediefstal kan die RPO Vrystaat by e-pos veediefstalrpo@gmail.com of webtuiste www.rpofs.co.za besoek word.

Vir enige navrae oor die Biosekuriteitsreëls vir lewende hawe-agentte kan die APAC webtuiste by <https://www.apacweb.org.za/> besoek word.

Knowles en Kruger bevestig dat indien hierdie wetgewing en reëls behoorlik deur almal in die lewende hawe waardeketting toegepas word, die industrie as 'n geheel meer suksesvol kan wees.



Die Riemland Jagtersvereniging in Heilbron doen jaarliks 'n uitreik deur 'n skenking aan 'n organisasie in die dorp. Die jaar het hulle, na al die moeilike omstandighede wat almal moes verduur, dit goed gedink om die personeel by die ouetehuis te bederf met 'n lekkergoed pakkie om dankie te sê vir hulle harde werk deur die jaar. Ericka Erasmus, die sekretaresse van die klub, het Dinsdag 44 pakkies aan Huis-Bron van Heil oorhandig. Groot waardering word ook getoon vir Late-Nite Video vir die skenking van die verpakking.

HUPPEL TRIPPELAARS KUIER GESELLIG SAAM



Die Huppel Trippelaars geniet die laaste paar dae van 2021 terdeë. Hulle het 'n heerlike saamsing-oggend gehad met Wilna Pienaar wat hulle begelei het op haar trekklavier. Daarná het 31 van hulle by die nuwe Koffiehuis gaan kuier met koffie, koek en koeldrank. Die laaste saamkuier-geleentheid vir die jaar gebeur DV op 14 Desember. Hulle beplan Carols by Candlelight deur die gange van Huis Bron-van-Heil. Wilna het ingestem om weer haar trekklavier saam te bring vir begeleiding. Hulle sê baie dankie aan elke medewerker wat hierdie jaar sy/haar talente tot hulle beskikking gestel het om hulle kuiers sinvol, aangenaam en verrykend te maak. Mag Christus se Vrede, Liefde en Genade elke mens omvou in hierdie onseker tyd. Geseënde Kersfees!!!

